# DIE TAAL DEBAT OP US: KOMMENTAAR

In 1983 was ek leier van die **Amptelike Opposisie** in die ou Apartheid Parlement van Suid Afrika. In dié jaar kondig President P.W. Botha 'n referendum aan waarin "wit" kiersers moet "ja" of "nee" stem vir 'n Drie kamer Parlementêre Grondwet. Ek het my met oorgawe vir die "nee" – stem beywer. Dr Andries Treurnicht van die Konserwatiewe Party en Eugene Terrablanche van die Afrikaaner Weerstands beweging het met dieselfde ywer vir 'n "nee" stem geagiteer. M.a.w. ons was in dieselfde kamp, was ideologiese bedmaatjies en voetsoldate in dieselfde pelaton. Trouens, dit is presies wat die regerende party destyds gesé het: ons was die "radikale element" in die Suid Afrikaanse politiek.

Min of meer dieselfde logika word nou op my toegepas omdat ek teen die T-opsie as taalbeleid vir U.S. gestem het. En dit is letterlik al wat ek gedoen het – in kruisie getrek. Oornag work ek "'n taalmalle"; "'n kulturele Volkstater", "'n redder van die Afrikaner en die Boerevolk", en is "my rol" in die hele debat as "weersinwekkend" beskryf. Daar work aan my gevra: "Weet jy in watter kamp jy jou bevind?" "Wie jou ideologiese bedmaatjies is, met watter voetsoldate jy in dieselfde pelaton masjeer?" Niemand stel eintlik belang in hoekom ek teen die T-opsie gestem het nie.

In 1986 gee ek klas by die Universiteit Wes-Kaap; (dis nou na ek uit die Parlement gestap het in Februarie). In my heel eerste lesing, toe ek so 'n derde van die tyd in die lesing in is: (let op, nie 50% nie), staan 'n student op en in hulpelose Engels sê hy: "We doesn't want to be teached in de language of de oppressor". Ek sê goed, en begin klas gee in Engels. Na die lesing kom dieselfde student met 'n afvaardiging en vra of ek nie die lesing in Afrikaans sal herhaal nie want hulle verstaan niks van wat ek in Engels gesê het nie. Ek doen toe ondersoek en vind uit dat meer as 2/3 van die studente in die klas nie 'n word Engels verstaan nie. Daar is ook 'n hele aantal in die orige 1/3 wat nie 'n woord Afrikaans verstaan nie. Gevolglik het ek die lesing wat eers in Afrikaans gegee is', in Engels herhaal (sonder vergoeding terloops). Dit het net nie pedagogiese sin gemaak om klas te gee in twee tale waar 'n beduidende aantal studente geen begrip gehad het van wat gesê is nie.

En dit, kort en klaar is hoekom ek teen die T-opsie gestem het, en sal dit weer doen as dit moet. Vir my is dit doodgewoon pedagosiese onsin. Vandag, so word my vertel is Wes-Kaap hooksaaklik 'n swart (Xhosa) Universiteit en is die voertaal Engels. Natuurlik sal dit pedagogiese onsin wees om aan dring dat die voertaal Afrikaans moet wees, as studente niks daarvan verstaan nie.

Vit my was dit al van toentertyd glasherder dat as Apartheid eers verdwyn het, dit onhoudbaar, en onmoontlik sou wees om in die "nuwe Suid Afrika" te volhard met 5 Afrikaansprekende Universiteite. Dit was slegs moontlik a.g.v. die monopolie van mag deur Afrikaner Nasionalisme.

Maar soos Dr Neville Alexander en ander, glo ek daar is plek vir "een, miskien twee". Watter "een of twee " dit gaan wees, sal die tyd ons moet leer. Naas Zulu en Xhosa, is

Afrikaans die mees grsproke voertaal in die land, en soos Abraham Phillips dit onlangs gestel het "kan die taal 'n reddingsboei wees vir duisende van sy arm sprekers in die woonstelle, krotbuurte en plakkerskampe op die Kaapse vlakke en platteland, (die Beeld 20 April 2006 soos aangehaal by 'n oopgesprek" oor die " toekoms van Afrikaans" wat deur die **Stigting van die Bemagting deur Afrikaans**, gereel is op Stellenbosch). Deur my ervaring met gemeenskappe in die Noord en Wes Kaap en in die Klein Karoo, kan ek vir die waarheid van so 'n stelling instaan.

Dit maak absolute sin dat diegene, binne en buite die Universiteitsfeer, wat 'n belang het met die bestendiging en versterking van Afrikaans as voertaal, ook op tersiere vlak, by een moet kom en besin en beplan watter Universiteit(e?), hierdie rol moet speel. Dit dien geen doel dat ons ideologiese dun lippe vir mekaar trek oor beginsel sake" wat geen pedagogiese voordeel vir studente inhou nie. (Persoonlik is ek van mennig dat Potchefstroom miskien die beste kans staan, maar ek het doodgewoon nie genoeg inligting om dit te staaf, of ander Universiteite uit te sluit nie. Daar sal deeglike navorsing en besinning moet wees en natuurlik sal die Regering betrokke moet wees).

Teselfdetyd het ek 'n weersin daarin dat U.S. doodgewoon moet ver-Engels ten einde "'n nuwe bedeling" ter wille te wees, of om te poog om "'n wereldklas" Universiteit te word. Maar ek kan ook nie die voorstel wat tans voor die Taakgroep vir die Hersiening van die Taalbeleid op Stellenbosch dien, ondersteun nie. Te wete: dat "studente vanaf hulle tweede jaar voorlesings in Afrikaans moet kan volg, en dat "personeel wat nie in Afrikaans onderreg kan gee nie, binne twee jaar die bewese nodige vaardighede in Afrikaans moet ontwikkel". En as hulle nie kan nie? Word hulle geskors en afgedank? Sulke dogmatiese voorskrifte is 'n resep vir konfliek. In die tyd wat ek op Stellenbosch klas gegee het, 1964 – 1970, was daar 'n hele paar dosente wat skaars 'n word Afrikaans kon praat, maar hulle was uitstekende dosente. Ek glo dat die "taal debat of US", nou 'n ideologiese papwiel moet kry. My standpunt oor die beskutting en versterking van Afrikaans as voertaal het niks te make met 'n behoefte om "die Boerevolk of Afrikaners te red nie". Ek soek ook nie 'n "kulturele Volk staat" nie. Wat ek wel weet, is dat die meerdeheid van mense wat Afrikaans as voertaal gebruik, hulleself nooit as "Afrikaners" sou identifiseer nie, maar tog in Afrikaans sou wou studeer. Goeie genade, in my eie geval is ek vanaf 1964 tot 1994 afgemaak as "'n Afrikaner verraaier", "oorloper" en "uitverkoper van die Afrikanersaak". Nou in die "nuwe SA" word ek skielik gestereotipeer, of toege-ein, as 'n "ikoon van Afrikaner belange". Kom nou!

Maar terselfdetyd moet mense my nie donkiedrolle vir vye probeer verkoop nie. Diegene wat Afrikaans wil ontwagtig deur stilletjies met allerlei pedogosie slimstreke voorendag te kom om Afrikaans met Engels te vervang, moet meedoënloos gepeper word. En ek slaat saam.

**VAN ZYL SLABBERT**
**May 2006**